# CLAUSEWITZ, MAO ZEDONG EN DIE ANGLO-BOEREOORLOG

**Leopold Scholtz***

**Summary**

In the military historiography (as opposed to the social historiography) of the Anglo-Boer War, there is an abundance of reconstructions of what exactly happened, more or less along the lines of Ranke's ideal. However, there is a paucity of theoretical and analytical studies. In this paper, a theoretical model is constructed on the basis of the military thoughts of the Prussian theoretician Carl von Clausewitz, who wrote extensively about the nature of war as such, and the Chinese leader Mao Zedong, whose writings are essential for the understanding of guerrilla warfare. Clausewitz's thoughts are traced regarding the political nature of war, the correlation between the totality of war and the totality of the war aim, and his embryonic ideas on guerrilla war. Mao's ideas are also analyzed regarding the political nature of war, but are developed especially in the light of his writings about the three stages of guerrilla war, the need for liberated base areas, the fact that guerrillas need to disperse their forces as widely as possible (the relationship between force and space),and the indispensable role of the local population (the "fish in the water" theory). Presently the Anglo-Boer War is measured against this model. The conclusions are that the British and Boer war aims both developed to such a radical extent that only a total victory or defeat was possible, and that essentially this is the explanation for the total character the war developed during its second phase. Mao's theory is also used to explain why the Boer guerrilla campaign remained strategically fruitless. Together, Clausewitz and Mao furnish an explanation not just for what happened, but why it happened that way and what it means.

## INLEIDING

Carl von Clausewitz, Mao Zedong en die Anglo-Boereoorlog? Wat op áárde het Clausewitz en Mao met mekaar te make, en watter relevansie kan hulle vir die Anglo-Boereoorlog hê?

Met die eerste oogopslag nie veel nie. Clausewitz en Mao het in totaal verskillende tye en aan teenoorgestelde kante van die aardbol in wyd uiteenlopende samelewings geleef. Al wat hulle bind, is die feit dat albei militêre teoretici van naam was - en dit boonop op heel verskillende terreine van oorlogvoering. Op die Anglo-Boereoorlog het hulle hoegenaamd geen invloed gehad nie. Dit is hoogs te betwyfel of enige van die Britse of Boere-aanvoerders in die oorlog ooit behoorlik kennis geneem het van Clausewitz se denke en Mao het sý denke eers dekades ná dié oorlog op skrif gestel. Dit is moontlik dat Mao wel iets van die Anglo-

* Senior adjunkredakteur van Die Burger en besoekende professor in Geskiedenis aan die Universiteit van Stellenbosch.

Boereoorlog geweet het (waarskynlik nie veel nie), maar in sy geskrifte is daar geen teken dat die stryd ooit 'n invloed op hom gehad het nie. Mao het wel in die verbygaan kennis geneem van Clausewitz se geskrifte, maar hy is veel meer beïnvloed deur klassieke Chinese skrywers soos Sun Tzu.

Dus, waarom Clausewitz, Mao Zedong en die Anglo-Boereoorlog aan mekaar koppel? Wel, dit is so dat Clausewitz en Mao albei 'n ingrypende invloed op die moderne militêre teorie gehad het - Clausewitz veral op die strategiese (dit wil sê oorlogspolitieke) vlak; Mao op die terrein van die guerrilla-oorlog. Dit is ook 'n feit dat die krygshistoriese literatuur oor die Anglo-Boereoorlog (die sosiaal-historiese aanpak word pertinent hierby uitgesluit) oorweldigend **beskrywend** van aard is en dat daar 'n enorme tekort aan **ontledende** literatuur is. Nie dat daar geen plek vir eersgenoemde kategorie is nie; enige gesaghebbende ontleding moet immers op 'n beskrywing gebaseer wees.

Die doel van dié artikel is dus om met behulp van Clausewitz en Mao se denke 'n **konsepsuele strategiese en operasionele instrument** - 'n intellektuele raamwerk - betreffende die Anglo-Boereoorlog te probeer skep waardeur daar na die feite gekyk word met die doel om nuwe antwoorde op ou (en dalk ook nuwe!) vrae te kry.

Die begrippe strategie, operasies en taktiek kom meermale in dié studie voor. Die algemeen aanvaarde moderne betekenisse word daaraan geheg: **strategie** synde alle handelinge op die oorlogspolitieke vlak waar die interaksie tussen die regering en die militêre opperbevel plaasvind; **operasies** die veldtogte waarmee die politieke doel, wat dit ook al mag wees, nagestreef word, en **taktiek** die vlak waar gevegte gebruik word om operasionele doelwitte te bereik.

## CLAUSEWITZ

Carl Philipp Gottfried Clausewitz[1] is op 1 Junie 1780 in die Duitse dorp, Burg, naby Maagdeburg in Sentraal-Duitsland gebore uit 'n familie wat hom - waarskynlik verkeerdelik - op sy adellike afkoms beroem het, maar wat dié afkoms nooit behoorlik kon bewys nie. Carl en sy broers het eers in 1827 die reg van die

1 Dié kort lewensbeskrywing is hoofsaaklik op drie bronne gebaseer, te wete Jehuda L Wallach, **Kriegstheorieen. Ihre Entwicklung im 19. und 20. Jahrhundert**, (Frankfurt, Bernard & Greefe Verlag, 1972), pp. 31-33; Peter Paret, "The genesis of **On war**" (Carl von Clausewitz, **On war**, pp. 3-25); Peter Paret, "Clausewitz" in Peter Paret (red.) **Makers of modern strategy from Macchiavelli to the nuclear age**, (Oxford en New York, Oxford University Press, 1986), pp. 188-97; Christopher Bassford, **Clausewitz and his works** (op die Clausewitz-webtuiste, www.Clausewitz.com).

Pruisiese koning ontvang om die voorvoegsel **von** voor die familienaam Clausewitz te gebruik.

Die jong Carl het hom reeds op twaalfjarige leeftyd by die Pruisiese leër aangesluit en al die volgende jaar sy eerste aksie teen 'n invallende Franse leërmag meegemaak. Op vyftien jaar is hy bevorder tot **Leutnant**, of tweede luitenant. Ná 'n paar jaar met sy regiment op verskeie plekke is hy in 1801 toegelaat tot die Berlynse **Allgemeine Kriegsschule** (voorloper van die beroemde Pruisiese **Kriegsakademie** te Potsdam wat soveel Duitse offisiere van naam opgelewer het), waar hy kennis gemaak het met die vermaarde kol. (later genl.) Gerhard von Scharnhorst, die man wat enkele jare later die Pruisiese leër ingrypend sou reorganiseer en teen Napoleon sou lei. Drie jaar later het Clausewitz as beste student in sy klas afgestudeer en is hy aangewys as adjudant van prins August van Pruise. In dié hoedanigheid was hy aan die prins se sy toe Napoleon Pruise in 1806 by Jena verpletterend verslaan het, en die volgende jaar of twee het hy in Franse gevangeskap deurgebring. Ná sy vrylating in 1808 het Scharnhorst hom as majoor op die generale staf aangestel, en saam het hulle begin met hul ingrypende reorganisasie en renaissance van dié verroeste instrument wat in die tyd van Frederik die Grote soveel roem verwerf het. Terselfdertyd het hy 'n reeks lesings in Berlyn oor die **Kleinkrieg**, oftewel guerrilla-oorlog, gehou. In 1810 het hy die militêre instrukteur van die kroonprins geword.

Dit was poste wat Clausewitz in staat gestel het om die noue band tussen politiek en oorlog eerstehands waar te neem en grootliks tot sy vorming as strategiese denker bygedra het. Dat hy egter ook eties en prinsipieel (gemeet aan die etiek van sy tyd) gedink het, het einde1811 geblyk, toe Napoleon die Pruisiese koning geïntimideer het om 'n kontingent troepe vir die rampspoedige Russiese veldtog die daaropvolgende jaar te lewer. Eerder as om op só 'n - vir hom - eerlose wyse voor die Franse vyand te buig, het hy uit die Pruisiese leër bedank en hom as kolonel by die Russiese leër aangesluit. As stafoffisier het hy weliswaar geen troepe in die veld aangevoer nie, maar tog 'n beslissende rol gespeel toe hy graaf HDL Yorck von Warttenburg, bevelvoerder van die Pruisiese kontingent in die Franse leër, ontmoet en oorreed het om Napoleon se **Grande Armée** in die steek te laat. Dit was die eerste stap in wat later Pruise se rebellie teen Napoleon geword het.

Clausewitz se weiering om sy vors te gehoorsaam het in Pruise teen hom getel - sy vyande het na hom verwys as **Lausewitz** (**Laus** = luis) - en hy moes tot 1815 wag voordat hy weer tot die leër toegelaat is. By Waterloo was hy hoof van staf van generaal Gebhard Blücher, wie se aanval op die beslissende oomblik tot Napoleon se finale nederlaag gelei het. Nadat hy drie jaar lank as hoof van staf van die

Pruisiese leër in die Rynland gedien het, is hy tot generaal-majoor bevorder en as hoof van die **Allgemeine Kriegsschule** in Berlyn aangestel. Dit was 'n suiwer administratiewe pos, maar dit het hom baie tyd gelaat om aan sy eie studie en skryfwerk te wy.

Hy het hier twaalf vrugbare dink- en skryfjare deurgebring, voordat hy in 1830 as Inspekteur van Artillerie in Silesië aangestel is. Die jaar daarop het hy sy laaste aanstelling gekry - as genl. August von Gneisenau se hoof van staf in die veldtog om die Poolse opstand neer te slaan. In dié tyd het hy cholera opgedoen en op 16 November 1831 het hy in die Silesiese stad Breslau gesterf.

Clausewitz het baie in sy lewe geskryf, maar die werk waarvoor hy eintlik bekend is, is die omvattende werk **Vom Kriege**, wat in agt dele verdeel is. **Vom Kriege** is in 1873 deur JJ Graham onder die titel **On War** in die Engels vertaal. Dit is aan die begin van die twintigste eeu deur kol. JJ Maude nagesien, 'n uitgawe wat in 1908 vir die eerste keer en verskeie kere daarna weer gepubliseer is.[2] Wie dié vertaling met die oorspronklike Duits vergelyk, sal vind dat die vertaler meermale kortpad loop en heel dikwels nie reg laat geskied aan Clausewitz se nuanses nie. In 1966 het 'n veel beter vertaling verskyn, dié van die na Amerika geëmigreerde Duitser, prof. Peter Paret, wat dan ook deesdae as die gesaghebbende standaard-vertaling gebruik word.[3] Tog loon dit die moeite om steeds die oorspronklike Duitse teks byderhand te hou en dít, eerder as enige vertaling, as die finale uitgangspunt vir sowel die Afrikaanse aanhalings in dié referaat as Clausewitz se bedoelings te beskou.

**Vom Kriege** het pas ná Clausewitz se ontydige dood, in 1832, verskyn, en is uitgegee deur sy weduwee. Die werk bestaan uit agt boeke, waarvan - soos hy self in 'n nota geskryf het - die eerste ses weliswaar in 'n taamlik gevorderde vorm was, maar alles moes nog intensief oorgeskryf word. Die laaste twee boeke was slegs sketse en in hul beginstadium.[4] Hoe ook al, die navorser sit nou eenmaal met die voorlopige teks wat hy agtergelaat het.

Clausewitz laat hom in die verloop van sy werk oor 'n duisternis verskillende onderwerpe uit waarvan sommige - veral dié op die taktiese en in 'n mindere mate ook die operasionele vlak - vandag nie meer geldig is nie. Vir die moderne offisier of akademikus wat oorlogvoering probeer deurgrond, is Clausewitz se raad oor die

---

2 Ann Arbor, "Preface to the Pelican Edition" in **Clausewitz on war, edited by Anatol Rapoport** (Londen, Penguin Books, 1908), pp. 9-10.

3 Carl von Clausewitz: **On war**. Geredigeer en vertaal deur Peter Paret (Princeton, Princeton University Press, 1966).

4 Clausewitz: "Nachricht" in **Vom Kriege** (Berlyn, Ullstein, 1998), p. 19.

versorging van muile immers irrelevant; slegs die krygshistorikus wat in die fyner besonderhede van die Napoleontiese tydvak belangstel, sal iets daaruit kan haal. Wat Clausewitz wel onsterflik gemaak het, is die feit dat hy die eerste teoretikus was wat die **verskynsel oorlog** sistematies en logies benader en dit uit verskeie hoeke probeer ontleed het.

Clausewitz het geleef in 'n oorgangstyd tussen die Verligting en die Romantiek, en dit is heel duidelik in sy werk te sien. Enersyds is hy heel duidelik deur die intellektuele benadering van die Verligting geraak deurdat hy 'n buitengewoon ingewikkelde, meestal chaotiese saak soos oorlogvoering in al sy komponente probeer uitmekaar haal en begryplik maak het. Die Verligtingsdenkers het immers gemeen dat álles onder die son deur die menslike rede begryp en feitlik in 'n formule uitgedruk kon word.

Maar Clausewitz was baie soepeler as die meeste Verligtingsdenkers. Sy onmiddellike voorganger as oorlogsteoretikus, die Switser Antoine-Henri Jomini, het oorlog as 't ware tot 'n wiskundige formule probeer reduseer.[5] In Clausewitz se skema, hoeseer oorlog ook al in al sy irrasionaliteit rasioneel ontleed word, is daar taamlike ruimte vir die chaos en willekeur van oorlog, en hier is hy 'n duidelike voorloper van die Romantiek met sy klem op die irrasionele en emosionele. Waar die teorie te ver van die praktyk afwyk, soos hy in 'n nota geskryf het, het hy hom voorgeneem om dit weer aan die praktiese ervaring vas te knoop. "[S]oos baie plante slegs vrugte dra as hulle nie te hoog aan die stingel voorkom nie, so moet in die praktiese kunste die teoretiese blare en blomme nie te hoog gedryf word nie, maar naby gehou word aan die ervaring, sy eintlike bodem."[6]

Clausewitz se belangrikste bydrae tot ons begrip van oorlog is die feit dat hy oorlog as verskynsel van menslike interaksie probeer tipeer het. In sy diepste kern, het hy geïmpliseer, is oorlog nie 'n saak van kanongebulder, angssweet, bloed, derms en verminkte lyke nie. "Oorlog is niks anders nie as 'n voortsetting van die politiek met ander middele", lui die leuse wat tydig en ontydig aangehaal word. Met ander woorde, essensieel ís oorlog politiek.

Hy voer aan dat die politieke verkeer tussen state "nie ophou weens die oorlog nie, nie in iets anders verander word nie, maar dat dit in sy wese voortbestaan ... Hou die politieke betrekkinge tussen verskeie volke en regerings op met die uitwisseling van diplomatieke notas [om oorlog te verklaar]? Is die oorlog nie bloot

---

5 Vgl. oor hom John Shy, "Jomini" in Paret (red.), **Makers of modern...**, pp. 143-85; Wallach, pp. 11-28.

6 Clausewitz, "Vorrede des Verfassers" in **Vom Kriege**, p. 23.

'n ander soort neerskryf en uitspreek van hul denke nie?" En dan volg dié treffende beeld: "Hy [die oorlog] het dalk sy eie grammatika, maar nie sy eie logika nie."[7]

Dié gedagte lê aan die kern van al Clausewitz se denke. Hoeseer hy dit self so gevind het, blyk uit 'n brief wat hy in 1827 aan 'n vriend, maj. C von Roeder, geskryf het: "Dié insig lê ek aan die ganse strategie ten grondslag en ek glo dat wie ook al weier om die noodwendigheid hiervan te erken, nog nie behoorlik insien wat aan die gang is nie. Deur dié fundamentele uitgangspunt (**Grundsatz**) word die ganse krygsgeskiedenis begryplik, daarsonder is alles die grootste absurditeit."[8] In sy boek noem hy oorlog sonder politiek 'n "sin- en doellose ding", "'n halfding, 'n weerspreking in sigself".[9]

Teen dié agtergrond definieer hy oorlog dan "as 'n daad van geweld om die teenstander tot die vervulling van ons wil te dwing". Dit verklaar terselfdertyd die verhouding tussen **doel** en **middel**. "Geweld, dit wil sê die fisieke geweld ... is dus die **middel** om ons wil aan die vyand op te dwing, die **doel**."[10] Om die politieke gesigspunt ondergeskik te stel aan die militêre sou onsinnig wees, "want die politiek het die oorlog voortgebring; hý is die intelligensie, die oorlog is egter bloot die instrument en nie omgekeerd nie. Slegs die onderwerping van die militêre gesigspunt aan die politieke bly dus moontlik."[11]

Uit dié uitgangspunt vloei verskeie implikasies voort. Een van die belangrikstes is die primaatskap van die politiek in oorlogvoering. Aangesien dit die regering is wat die politieke doel van 'n oorlog bepaal, kan geen operasionele plan, geen krygshandeling, "suiwer militêr" beoordeel word nie; dit moet gemeet word aan die vraag of dit die bereiking van die politieke doel naderby bring of nie, het hy in 'n brief geskryf.[12] Meer nog, die politieke doel sal die hele aard van die oorlog bepaal: "Hoe kleiner die offer is wat ons van ons teenstander eis, hoe minder, kan ons verwag, sal sy poging wees om dit van ons te weerhou. Hoe geringer dit [die vyand se poging] egter is, des te geringer hoef dié van óns te wees. Verder, hoe kleiner ons politieke doel is, des te geringer is die waarde wat ons daaraan heg, en des te eerder sal ons bereid wees om dit prys te gee: dus **hoe kleiner word om dié rede ook óns moeite.**"[13]

---

7 Clausewitz, **Vom Kriege**, VIII/6B, p. 683.
8 Wallach, p. 43.
9 Clausewitz, **Vom Kriege**, VIII/6B, pp. 683 en 684.
10 **Ibid.**, I/1, pp. 27-8.
11 **Ibid**, VIII/B, pp. 685-6.
12 Paret, "Clausewitz" p. 200.
13 Clausewitz, **Vom Kriege**, I/1, p. 35. (Clausewitz se kursivering.)

Aansluitend hierby is Clausewitz se denke oor die "dubbele aard" van oorlog, 'n tema wat regdeur die werk voorkom en op 'n tipies dialektiese wyse behandel word. Enersyds skryf hy uitvoerig oor die "absolute oorlog": oorlog is 'n daad van geweld, "en in die aanwending daarvan is daar geen logiese grens nie". "Solank ek nie die teenstander onderwerp het nie, moet ek bevrees wees dat hy mý onderwerp ..." Volgens Clausewitz kan dit gebeur dat die een kant die groots moontlike mate van geweld gebruik, maar dan doen die vyand dieselfde, en so eskaleer die geweld tot die uiterste toe.[14]

Die gevolg hiervan is om van koud te word as 'n mens Clausewitz se redeneertrant nie ken nie. Want, skryf hy, "(h)oe groter en sterker die motiewe van 'n oorlog is, hoe meer dit die lewe van 'n volk omvat, des te gewelddadiger die spanning is wat die oorlog voorafgaan, des te meer sal die oorlog sy abstrakte gestalte [van onbeperkte geweld - LS] benader, des te meer sal dit om die onderwerping van die vyand gaan, des te meer val die militêre en die politieke doel saam, des te suiwerder oorlogagtig, weiniger polities skyn die oorlog te wees." Die teenoorgestelde is ook die geval - hoe swakker die motiewe en spanning is, des te minder word die geweldselement en hoe meer politiek word in die oorlog geïntegreer.[15]

Dít is die tese, wat volgens die dialektiese denkwyse onmiddellik met 'n antitese opgevolg moet word. In die praktyk, skryf Clausewitz dus verder, is dinge in oorlogvoering nooit so maklik as wat dit lyk nie. "Solank 'n mens oorlog self nie meegemaak het nie, begryp 'n mens nie waar die probleme is waarvan steeds gepraat word en wat eintlik die rol van die genialiteit en die buitengewone geesteskrag is wat van die veldheer verwag word nie. Alles lyk so eenvoudig, die kennis wat nodig is, lyk so vlak, alle kombinasies so onbeduidend dat selfs die eenvoudigste wiskundige taak ons in vergelyking daarmee met sy indrukwekkende wetenskaplike waardigheid imponeer ... In oorlog is alles baie eenvoudig, maar die eenvoudigste is baie moeilik. Dié probleme hoop hulle op en bring 'n friksie voort wat niemand wat oorlog nie self ondervind het hom regtig kan voorstel nie ... Friksie is die enigste begrip wat taamlik algemeen kan verduidelik wat die werklike oorlog van dié op papier onderskei."[16]

Daar is ten slotte nog 'n aspek van Clausewitz se denke wat onder die loep moet kom, te wete wat hy oor die guerrilla-oorlog te sê het. Clausewitz gebruik nie die begrip nie; dis trouens twyfelagtig of hy dié Spaanse woord (guerra = oorlog;

---

14 Ibid., I/1, pp. 28-31.

15 Ibid., I/1, pp. 44-45.

16 Ibid., I/7, p. 86.

**guerrilla** = klein oorlog) geken het. In 1810-'11 het hy wel 'n reeks lesings oor die **Kleinkrieg** gehou[17] en dié gedagtes verder in **Vom Kriege** uitgewerk.

Clausewitz het geskryf teen die agtergrond van die Spaanse opstand teen die Franse besettingsmagte van Napoleon en dié se invalle in Pruise in 1807 (toe die Pruise by Jena en Auerstadt verpletterend verslaan is) en 1813 (toe Napoleon egter self by die sogenaamde Volkeslag net buite Leipzig 'n nederlaag gely het). In laasgenoemde veldtog het die Pruise die Franse verbindingslinies behoorlik deur 'n guerrilla-oorlog geteister en so bygedra tot Frankryk se nederlaag by Leipzig.

In die konteks van sy beskouing oor strategiese verdediging het Clausewitz die **Kleinkrieg** gesien as 'n goeie manier om die volk teen 'n invaller te mobiliseer, maar dit was volgens hom nie geskik om 'n ander land mee te onderwerp nie. Hy het dit ook nie as 'n outonome manier van oorlogvoering gesien nie; dit kon hoogstens 'n hulpmiddel vir gereelde leërmagte wees.

Hy verwys na die **Landwehr** - 'n begrip wat min of meer met die vroeëre Suid-Afrikaanse term **Burgermag** vergelyk kan word - as "'n buitengewone, min of meer vrywillige medewerking van die ganse volksmassa aan die oorlog met hul liggaamlike kragte, hul rykdom en welwillendheid ... In dié dinge lê die wese van die **Landwehr**; dié medewerking van die ganse volk moet deur hul organisasie beweegruimte gelaat word, anders volg 'n mens, in soverre jy van die **Landwehr** iets unieks wil maak, 'n skadubeeld." Dit moet dus geen nabootsing van die staande mag word nie. Verwysende na die opstand teen die Franse in Spanje, waar die Spaanse volk die oorlog - "'n volksoorlog" - in hoofsaak self gevoer het, sê hy heel profeties dat hier "nie slegs 'n toename in die volk se bystand [aan die gereelde leër] ontstaan nie, maar 'n egte nuwe krag, en dat ons dus die volksbewapening as 'n eiesoortige middel van die verdediging kan beskou".[18]

Teen dié agtergrond moet tewens gewys word op Clausewitz se behandeling van die verhouding tussen die offensief en die verdediging. Clausewitz behandel verskeie verdedigingsmetodes, waarvan een is om die invaller in die diepte van jou land in te lok. "Die doel van dié terugtog is om by die aanvallers 'n verswakking te veroorsaak en af te wag dat sy opmars óf vanself in krag afneem óf minstens die weerstand wat ons hom aan die einde van sy mars bied, nie meer kan oorwin nie."[19]

---

17 Kyk Walter Laqueur, **Guerrilla. A historical and critical study** (Londen, Weidenfeld & Nicholson, 1977), pp. 110-2.

18 Clausewitz, **Vom Kriege**, II/6, pp. 386 en 388.

19 **Ibid.**, VI/8, pp. 397-8.

Tydgewin is nou vir die verdediger die belangrikste, en hoe verder die aanvaller die land binnedring, hoe meer moet hy sy troepe versprei om alle vestings en ander punte te beset, en des te meer verswak hy sy hoofmag. Aan die einde van sy opmars ly die vyand onder al die klein aanvalle van die verdediger, honger en siekte. Dan "is die vyandelike strydkragte al deur hul eie inspannings half te gronde gerig; daardeur verkry óns wapens veel meer gewig ... Dié vernietiging van die vyandelike strydkragte in hul opmars berei die uiteindelike beslissing voor ..."[20]

In moderne jargon sou ons sê guerrillas teister die invaller al hoe erger namate hy die land dieper binnedring totdat hy heeltemal uitgeput is. Dán kan die gereelde leër weer ingryp en die verswakte vyand op ortodokse wyse verslaan en verjaag.

Teen dié agtergrond het Clausewitz 'n belangrike opmerking gemaak. "As die verdediging 'n sterker vorm van oorlogvoering is, wat egter 'n negatiewe doel het, volg vanself hieruit dat 'n mens jou net solank daarvan moet bedien as wat jy vanweë jou swakte daartoe gedwing word, en dit moet prysgee so gou 'n mens sterk genoeg is om die positiewe doel [d.w.s. die offensief] voort te sit."[21] Clausewitz het die guerrilla-oorlog as 'n **verdedigende** manier van veg beskou wat dus nie enduit 'n oorwinning kon oplewer nie; dit moes mettertyd deur **offensiewe** optrede vervang word. Later sal ons sien hoe dié punt by 'n sentrale element van Mao Zedong se beskouings aansluit.

Waarop Clausewitz ook klem gelê het - en straks sal ons sien hoe verrassend modern sy idees was - is die verhouding tussen **ruimte** en **krag**, iets wat in enige guerrilla-oorlog van deurslaggewende belang is. Hy wys daarop dat hoe groter die **oppervlak** is waarop geveg word en hoe groter die kontak met die vyandelike leër, des te groter die gebied wat die invallende leër moet beset en die uitwerking van die guerrilla-oorlog.[22] Effens verder werk hy dié belangrike gedagte verder uit: "Na ons voorstelling van die volksoorlog moet hy, soos 'n newel- en wolkagtige wese, hom nêrens konsentreer in 'n liggaam wat weerstaan kan word nie, anders rig die vyand sy groter krag op dié kern, vernietig dit en maak baie gevangenes; dan sink die moed, almal glo dat die oorlog beslis is, dat verdere moeite vergeefs is, en die volk verloor sy wapen. Aan die ander kant is dit nietemin nodig dat dié newel op bepaalde punte in 'n digter massa saamtrek en dreigende wolke uitbeeld waaruit 'n kragtige bliksemstraal kan skiet."[23]

---

20 **Ibid.**, VI/8, p. 402.
21 **Ibid.**, VI/1, p. 37?.
22 **Ibid.**, VI/26, p. 530.
23 **Ibid.**, VI/26, p. 533.

Opsommenderwys lê hy dan die volgende riglyne neer vir die voer van 'n guerrilla-oorlog:

- Die oorlog moet in die binneland gevoer word. Uit wat hy self vroeër hieroor geskryf het, lei 'n mens af hy bedoel die vyand moet daarheen gelok word.
- Sukses in 'n guerrilla-oorlog hang nie af "van 'n enkele katastrofe nie", waarmee hy bedoel dat dit 'n langdurige affêre is wat baie tyd en geduld verg.
- Die oorlogstoneel moet 'n uitgestrekte gebied omvat.
- Die volk moet die "maatreëls", dit wil sê die oorlogspoging, ondersteun ('n gedagte wat 'n mens later, ofskoon beter uitgewerk, weer by Mao Zedong sal terugvind).
- Die topografie van die land - berge, woude, moerasse - moet ontoeganklik wees.[24]

Op die keper beskou, was Clausewitz 'n verrassend moderne eksponent van die guerrilla-oorlog, al moet 'n mens soms moeite doen om deur sy argaïese taalgebruik en begrippe heen te lees. Al die elemente wat 'n mens by later, meer gesofistikeerde twintigste-eeuse ontledings van die guerrilla-oorlog aantref, was reeds by hom aanwesig, sy dit soms embrionaal, soms taamlik primitief.

Al moet die navorser in ag neem dat Clausewitz self nog nie met sy werk tevrede was nie, ly dit geen twyfel dat hy die invloedrykste oorlogsteoretikus van alle tye was nie. Sy skema is buitengewoon soepel omdat dit allerlei uiteenlopende en teenstrydige faktore in ag neem en 'n intellektuele apparaat skep waarmee oorlog - veral op strategiese vlak - veel beter begryp kan word. Dat dit amoreel is en geen waarde-oordeel vir of teen oorlog as georganiseerde massale bloedvergieting uitspreek nie, stuit sommige mense teen die bors. Maar hy wou primêr 'n verskynsel wat in sy tyd as iets heel normaals (hoewel onaangenaam) ervaar is, **verklaar en deurgrond**. Die feit dat sy werk dié van talle ander teoretici voor en na hom ruimskoots oorleef het, is waarskynlik die beste bewys vir die waarde daarvan. "Die hoofrede vir dié verskynsel lê sonder twyfel in die feit dat **Vom Kriege** geen tegniese handboek vir oorlogvoering is nie, maar 'n verhandeling oor die wese van oorlog," skryf die Israeliese krygshistorikus Jehuda Wallach. Hy gaan voort: "Clausewitz het sy leerlinge 'n werktuig in die hand gegee met behulp waarvan die verskynsel van oorlog ondersoek en die verhouding daarvan tot ander maatskaplike verskynsels beoordeel kan word. Wie verstandig gebruik daarvan maak, kan 'n bruikbare oordeel oor konkrete (of hipotetiese) situasies vel."[25]

---

24 Ibid., VI/26, p. 531.
25 Wallach, p. 65.

## MAO ZEDONG

"Politieke mag spruit uit die loop van 'n geweer," lui dalk die bekendste uitspraak van Mao Zedong. En, net soos die verwante uitspraak van Clausewitz oor oorlog as 'n voortsetting van politiek met ander middele, word dit dikwels verkeerd begryp. Net soos Clausewitz geen verheerliker van oorlog was nie, was ook Mao se bedoeling nie hier om geweld op 'n voetstuk te plaas nie. Die konteks maak duideliker wat sy bedoeling was:

"Kommuniste veg nie vir persoonlike militêre mag nie (hulle moet dit onder geen omstandighede doen nie...), maar hulle moet veg vir militêre mag vir die [Kommunistiese] Party ... Elke Kommunis moet die waarheid deurgrond dat 'Politieke mag spruit uit die loop van 'n geweer'. Ons beginsel is dat die Party bevel voer oor die geweer, en die geweer moet nooit toegelaat word om bevel te voer oor die Party nie."[26]

Wat Mao hier wil sê, net soos Clausewitz, is dat oorlog essensieel 'n **politieke daad** met **politieke motiewe** is, en dat die oorlog dus aan die politiek onderhewig is. Mao giet dit uiteraard in 'n sterk ideologiese vorm terwyl Clausewitz se werk á-ideologies is, maar dit verander niks aan die waarheid van die stelling nie.

Die man wat dié skynbaar siniese stelling neergepen het, is op 19 November 1893 in die sentraal-Chinese provinsie Hunan gebore as seun van 'n betreklik vermoënde kleinboer.[27] As jong man het hy in die biblioteek van die Universiteit van Beijing gewerk, waar hy met die geskrifte van Karl Marx en Friedrich Engels kennis gemaak het. In 1921 was hy dus ook een van die stigterslede van die Chinese Kommunistiese Party. Vyf jaar later het hy in Hunan 'n eerste boere-opstand teen die regerende Guomindang gelei, wat egter bloedig neergeslaan is, en hy moes vlug. In die suide van die land het hy in die laat twintigerjare 'n revolusionêre guerrillamag opgebou en teen 1931 soveel gebied onder sy beheer gehad dat 'n Sowjetrepubliek daar uitgeroep kon word met homself as voorsitter.

In dié tyd het hy ernstige meningsverskille begin kry met ortodokse partylede wie se opvatting van Kommunisme in die Sowjet-Unie gevorm is. Die ortodokse Marxisme-Leninisme het naamlik geleer dat die stedelike proletariaat, die **arbeiders**, die revolusie moes lei. In Rusland was dit natuurlik 'n fiksie, want afgesien daarvan dat daar betreklik min werkers in dié half-feodale land was, is die revolusie in werklikheid deur die klein, maar vasberade Kommunistiese Party as voorhoede

26 Mao Zedong, "Problems of war and strategy" in **Selected military writings** (Beijing, Foreign Languages Press, 1968), p. 274.
27 Kyk Wallach, pp. 290-1.

gelei. Hoe ook al, Mao het ingesien dat dié fiksie selfs minder op China van toepassing was. Dit sou niks help om op die stedelike werkers as steunpilaar staat te maak nie; daar was te min van hulle en dit was bowendien juis in dié gebiede waar die Guomindang die sterkste was. Dus, het hy gesê - en dit is iets wat 'n groot invloed op sy bydrae tot die teorie van guerrilla-oorlogvoering sou hê - moet die stryd onder die kleinboere op die platteland begin, waarna die stede omsingel en ingeneem kon word.

Voorlopig het dit hom nie veel gehelp nie, want die magte van Tsjiang Kaisjek, leier van die Guomindang, het die een aanslag ná die ander teen sy magte gerig. Uiteindelik kon die Kommuniste dit nie meer uithou nie, en Mao het die gewaagde stap gedoen om sy hele mag, saam met alle vroue en kinders, in die epiese Lang Mars na die noordweste van die land, 'n afstand van sowat 15 000 km., te neem, waar hulle hul opnuut ingegrawe het. Dit was een van die mees heroïese marse in die geskiedenis, een wat in een asem genoem kan word met dié van Xenophon se 10 000 man ná Alexander die Grote se dood uit die verre Sentraal-Asië terug na Griekeland.

In 1937 is 'n tydelike ooreenkoms tussen Mao en Tsjiang gesluit, om eers die Japanse invallers saam te beveg. In die praktyk het hulle egter omtrent net soveel afbreuk aan mekaar probeer doen as wat hulle weerstand teen die Japanse aggressie gebied het. Ná die Japanse ineenstorting in 1945 het die twee weer aan mekaar se kele gespring, maar die korrupte Tsjiang en sy gedemoraliseerde magte kon nie uithou teen die Kommuniste met hul hoë moreel en groot steun onder die bevolking nie. Begin 1949 het Mao Beijing seëvierend binnegemarsjeer, en enkele weke daarna moes die Guomindang oor die water padgee na die eiland Taiwan, waar die party tot met sy nederlaag in die algemene verkiesing van 2000 geregeer het.

Daar is geen teken dat Mao Clausewitz ooit self gelees het nie. Aangesien hy tog die Clausewitz-leuse oor oorlog en politiek aanhaal,[28] moes hy wel van die Pruis geweet het. Hy het vermoedelik deur die geskrifte van Marx, Engels en Wladimir Lenin, wat Clausewitz gereeld en met groot instemming siteer het, met hom kennis gemaak. In 'n brief aan Engels het Marx byvoorbeeld geskryf dat Clausewitz 'n "gesonde verstand het wat aan briljantheid grens".[29] Lenin se beoordeling van sy woorde oor oorlog as voortsetting van politiek was: "Dié beroemde leuse is geuiter deur Clausewitz, een van die mees fundamentele skrywers oor die probleme van oorlog. Marxiste het dié tese steeds tereg beskou as

[28] Vgl. bv. Mao, "On protracted war" in **Selected military writings**, pp. 226-7.

[29] Bernard Semmel (red.), **Marxism and the science of war** (Oxford, 1981), p. 66 (Marx - Engels, 11.1.1858).

die teoretiese grondslag van beskouinge oor die beginsels van oorlogvoering."[30] Présies waarom dit so was, het hy elders verduidelik: "Die aard van oorlog word bepaal deur die beleid waardeur die oorlog 'n voortsetting ('oorlog is die voortsetting van politiek') is deur die klas wat die oorlog voer, en deur die doeleindes waarvoor dit gevoer word."[31]

Met ander woorde, Clausewitz kan in Leninistiese sin so parafraseer word: "Oorlog is 'n voortsetting van die klassestryd met ander middele." Dié oortuiging kom ook by Mao voor. Op 'n keer het hy 'n vlugskrif geskryf teen diegene "wat glo dat die taak van die Rooi Leër, net soos dié van die Wit Leër, eenvoudig is om te veg. Hulle verstaan nie dat die Chinese Rooi Leër 'n gewapende mag is om die politieke take van die revolusie uit te voer nie ... Die Rooi Leër veg nie bloot om te veg nie, maar om propaganda te maak onder die massa, om hulle te organiseer, te bewapen, te help om revolusionêre politieke mag te verwerf. Sonder dié doelstellings verloor die vegtery sy betekenis en verloor die Rooi Leër sy bestaansrede."[32]

Die doel hier is nie om Mao se militêre denke volledig te bespreek nie; slegs dié wat 'n mens kan help om die Anglo-Boereoorlog beter te begryp, is werklik relevant. Vier sulke temas sal dus nou aan die orde kom, te wete die drie fases waarin die guerrilla-oorlog verloop, die noodsaak vir die vestiging van bevryde basisgebiede, die verhouding tussen ruimte en krag, en die betrekkinge tussen die plaaslike bevolking en die guerrillas.

(a) Daar sal onthou word dat Clausewitz guerrilla-oorlogvoering - na sy mening deel van die strategiese verdediging - slegs as hulpmiddel vir 'n konvensionele oorlog beskou het, en dat daar ten slotte tot 'n konvensionele offensief oorgegaan moes word om die vyand te verdryf. Mao het iets soortgelyks verkondig, maar die gedagte aansienlik verfyn. Soos Clausewitz het hy die guerrilla-oorlog op **operasionele** vlak as defensief beskou, maar **strategies** offensief, want die doel was immers om die Japanse invallers en die Guomindang-regering te verdryf. Uiteindelik moes ook die operasionele defensiewe stryd, volgens hom, met 'n operasionele offensief beëindig word. Die eerste fase, het hy geskryf, is dié van die vyand se strategiese offensief en die Kommuniste se strategiese verdediging; die tweede van die vyand se strategiese konsolidasie en "ons voorbereiding vir die strategiese offensief"; en die derde "die van ons strategiese teenoffensief en die vyand se strategiese terugtog".[33]

---

30 **Ibid.**, p. 67 (Aanhaling uit Lenin, **Sosialisme en oorlog**, 1915).
31 JFC Fuller, **The conduct of war 1789-1961** (Londen, Eyre & Spottiswoode, 1961), p. 206.
32 Mao, "On correcting mistaken ideas in the party" in **Selected military writings**, p. 54.
33 Mao, "On protracted war", pp. 210-1.

Die eerste fase is tipies die een waar die opstandelinge swak in getalle, bewapening en organisasie is, waar hulle dus deur hul gebrek aan krag gedwing word om gebruik te maak van die tradisionele wapen van die swakke - guerrilla-oorlogvoering. Die hoofdoel van die guerrilla in dié tyd is om te oorleef: "Die doel van die strategiese terugtog is om jou militêre krag te bewaar en vir die teenoffensief voor te berei. 'n Terugtog is noodsaaklik, want om geen tree terug te trek voor 'n sterk vyand nie, beteken noodwendig om die behoud van jou eie magte in die weegskaal te plaas." Terselfdertyd kan die (operasionele) doel wees om die vyand agter jou aan te lok in 'n gebied waar jou steun sterk is "en hy al die bitterheid proe wat dit vir hom inhou", en waar van sy kleiner, geïsoleerde eenhede aangeval en uitgewis kan word.[34] (Dink hier aan Clausewitz, wat 'n soortgelyke strategiese terugtog bepleit het om die vyand in ongunstige gebiede in te lok!)

In die tweede fase word 'n strategiese skaakmat-situasie ondervind. Dit sal die langste en moeilikste, maar ook die deurslaggewende fase wees. Die guerrillas sal in groot getalle in die vyand se agtergebiede versprei word, en hulle sal "'n uitgebreide, felle guerrilla-oorlog begin teen gebiede wat deur die vyand beset word, en hom aan die hardloop hou om hom in mobiele oorlogvoering te vernietig..."[35]

In die derde, finale fase sal oorgegaan word tot 'n strategiese offensief teen die vyand. Mobiele oorlogvoering sal steeds 'n belangrike rol speel, maar toenemend sal daar ook van konvensionele stellingoorlog gebruik gemaak word. Die guerrillas sal dan hoofsaaklik as steun vir die konvensionele aanvalsmagte dien.[36]

Later sal ons Mao se drie fases as model gebruik om die militêre verloop van die guerrillafase in die Anglo-Boereoorlog beter te verstaan. Hier moet ewenwel daarop gewys word dat die derde fase, behoudens sekere politieke voorwaardes, geen absolute voorvereiste is nie. Indien die politieke wil van die besettingsmag of regering om verder te veg deur binnelandse of buitelandse druk verkrummel - kyk byvoorbeeld die Sandinistiese magsoorname in Nicaragua (1979), die oorlog in die Portugese Afrika-kolonies (1974-'75), die ou Rhodesië (1979-'80) en die destydse Suidwes-Afrika (1989-

34 Mao, "Problems of strategy in China's revolutionary war" in **Selected military writings**, pp. 113-5.

35 Mao, "On protracted war", pp. 212-4.

36 **Ibid.**, p. 214.

'90) - is die derde fase nie volstrek noodsaaklik nie. Gevalle wat wél tot die derde fase gelei het, is China self (1949), Kuba (1959) en Viëtnam (1975).

(b) Bevryde basisgebiede is volgens Mao een van die voorvereistes vir sukses in die eerste en tweede fase, en wel om twee redes. Ten eerste, dit is die gebiede waar die guerrillas kan uitrus, hergroepeer en hul voorrade aanvul sonder dat hulle voortdurend aan aanvalle blootgestel is - 'n militêre motief dus.[37] In die tweede plek is daar ook 'n politieke motief. Soos Mao se luitenant, Lin Biao, dit in 1965 verduidelik het: "[I]n dié basisgebiede het ons die Party opgebou, die organe van staatsmag bedryf, die volkstrydkragte opgebou en massa-organisasies gestig ... Ons basisgebiede was in feite 'n staat in die kleine ... [en] het die basis vir die volksbevrydingsoorlog geword."[38] Dit was met ander woorde gebiede waar 'n alternatiewe bewind op die been gebring is wat as oefening en voorbereiding vir die finale dag van bevryding kon dien en terselfdertyd die legitimiteit van die guerrillas onder die massa kon verhoog.

In die algemeen moet hier bygevoeg word dat die skep van bevryde gebiede natuurlik nie altyd ewe moontlik is nie. Indien simpatieke buurstate egter hul grondgebied vir guerrillas beskikbaar stel om daarvandaan oor die grens te infiltreer en weer as toevlugsoord te dien, kan dit min of meer dieselfde uitwerking as Mao se basisgebiede hê.

(c) 'n Verdere aspek van Mao se denke wat aandag verdien, is dié oor die verhouding tussen **ruimte** en **krag** in guerrilla-oorlogvoering. Dié verhouding is 'n probleem in alle vorms van oorlog, want 'n aanvoerder moet op grond van talle uiteenlopende faktore besluit hoeveel troepe (krag) hy in 'n bepaalde stuk van die frontlinie (ruimte) moet instoot, ongeag of dit vir verdedigende of aanvallende doeleindes is. In 'n guerrilla-oorlog verkry dié probleem egter 'n heel ander karakter as in 'n konvensionele konflik.

Mao se leuse in dié verband was: "Ons strategie is 'plaas een teen tien' en ons taktiek is 'plaas tien teen een' - dit is een van ons fundamentele beginsels om 'n oorwig oor die vyand te verkry."[39] Wat hy hiermee bedoel, is eenvoudig dat die guerrillas op strategiese en operasionele vlak so wyd moontlik verspreid moet optree, maar op taktiese vlak vir die doeleindes van gevegte moet konsentreer. (Onthou Clausewitz se beeld van die wyd verspreide newel wat af en toe dikker is!) Elders het hy dit só gemotiveer: "Verdeel ons magte om

37 Mao, "Problems of strategy in China's revolutionary war", pp. 167-8.
38 JLS Girling, **People's war. The conditions and the consequences in China and South-East Asia** (Londen, 1969), p. 74.
39 Mao, "Problems of strategy in China's revolutionary war", p. 135.

die massa te aktiveer, konsentreer ons magte om met die vyand af te reken. Die vyand marsjeer op, ons val terug; die vyand slaan kamp op, ons val lastig; die vyand raak vermoeid, ons val aan; die vyand val terug, ons agtervolg."[40]

Dié idee is ook oorgeneem deur die groot strateeg van die Viëtnamese opstand teen die Franse, genl. Vo Nguyen Giap,[41] en só het dit sy weg gevind na die geskrifte van een van die beste Franse stratege van dié eeu, genl. André Beaufre, wat dit dalk nog die beste verduidelik: "For guerrilla warfare it is a question of menacing the adversary **over the largest possible area** ... Doing so, it obliges regular forces to disperse their means over an area exceeding their capability, while the guerrillas remain capable of acting wherever they choose. It is thus that 10 000 to 20 000 Algerian fellagahs held 400 000 French troops at bay and that 1 000 000 South Vietnamese and 500 000 Americans were not able to finish off some 200 000 adversaries."[42]

Dit kom dus eenvoudig daarop neer dat die guerrillas moet probeer om die operasionele gebied so wyd moontlik te rek. Aangesien die teeninsurgensie-owerheid dit om politieke redes nie kan bekostig om 'n deel van die land aan die insurgente prys te gee nie, moet hy die hele gebied fisiek probeer beset. As die gebied te groot word (ruimte) vir sy beskikbare hoeveelheid troepe (krag), ontstaan 'n negatiewe tendens wat hom later die oorlog kan kos. Daarteenoor hoef die guerrillas nie die hele gebied te beset nie; inteendeel, hulle kan kies waar en wanneer om toe te slaan.

(d) Ten slotte, nog 'n kardinale element in Mao se denke, naamlik die verhouding tussen die plaaslike bevolking en die guerrillas. Aan Mao word die gesegde toegeskryf dat die guerrilla so afhanklik van die plaaslike bevolking is as 'n vis van water.[43] Net soos 'n vis nie buite water kan oorleef nie, so is die guerrilla afhanklik van 'n welwillende plaaslike bevolking vir inligting, skuiling en voorrade - en onwilligheid om hom te verraai. "Aangesien 'n revolusionêre oorlog 'n oorlog van die massa is," het Mao geskryf, "kan ons die oorlog slegs uitvoer deur die massa te mobiliseer en daarop te steun ... Ons moet die massa daarvan oortuig dat ons hul belange verteenwoordig, dat óns lewe intiem met húlle s'n verbonde is. Ons moet hulle help om hiervandaan te vorder om die hoër take wat ons wil uitvoer te verstaan ... sodat hulle die

---

40 Mao, "A single spark can start a prairie fire" in **Selected military writings**, p. 72.

41 Girling, pp. 78-9.

42 André Beaufre, **Strategy for tomorrow**, pp. 39-40. Sy kursivering.

43 Geoffrey Fairbairn, **Revolutionary guerrilla warfare. The countryside version** (Middlesex Penguin Books, 1974), p. 99.

revolusie steun en dit regdeur die land versprei, gehoor gee aan ons politieke oproepe en tot die einde toe veg ..."[44]

Daar kan geen twyfel wees dat Mao Zedong in die ontwikkeling van die teorie van guerrilla-oorlog 'n sentrale rol gespeel het nie. Soos prof. Werner Hahlweg dit stel: "Mao Tse-toeng [Zedong] geld vandag as leidende klassieke skrywer op die gebied van die klein oorlog; 'n mens sou hom byna die 'Clausewitz' van die moderne partisane-oorlog kan noem."[45]

## 'N TEORETIESE MODEL

Dit kan nou die moeite loon om 'n kort teoretiese model op voorgaande insigte te baseer en dit dan op die praktyk van die Anglo-Boereoorlog toe te pas. Die volgende aspekte lyk relevant:

- Op strategiese vlak is oorlog logieserwys nie van die politiek te onderskei nie; dis bloot 'n wisselvorm daarvan wat met ander middele gevoer word - kartetse en koeëls pleks van toesprake en diplomatieke notas.
- Aangesien die politiek die intelligensie is en die oorlog die instrument, geld die primaatskap ván die politiek én die politici. Dit is die politici wat moet besluit wat hulle met die oorlog wil bereik, en die offisiere wat hul krygsplanne binne die parameters van die politieke oorlogsdoel moet opstel.
- Die oorlogsdoel bepaal ook die aard van die oorlog: hoe drastieser die doel, des te meer gewelddadig en absoluut sal die oorlog wees. Hoe meer beskeie die doel, hoe minder die waarde wat aan die bereiking daarvan geheg word, en des te minder sal die geweld wees.
- Guerrilla-oorlog is die wapen van die swakke teen die sterke. Dis 'n tipe oorlog wat die krag van die vyand in 'n sekere sin neutraliseer.
- Bevryde gebiede waar die guerrillas 'n veilige hawe het, waar hulle kan uitrus en hergroepeer, is noodsaaklik vir sukses. (Indien dit nie die geval is nie, kan simpatieke buurstate wat hul grondgebied daarvoor beskikbaar stel, 'n soortgelyke rol vervul.)
- Terwyl die guerrilla-oorlog aan die gang is, moet die guerrillas die operasionele gebied so wyd moontlik probeer rek sodat die vyand homself ooreis. Dis een van die sekerste metodes om sukses af te dwing.
- Goeie betrekkinge met die plaaslike bevolking is van kardinale belang. Van die plaaslike bevolking ontvang die guerrillas voorrade, skuiling en inligting - of hulle kan verraai word as die betrekkinge nie goed is nie.

---

[44] Girling, p. 71; Fairbairn, p. 99.
[45] Aangehaal in Wallach, **Kriegstheorieen**, p. 289.

- Guerrilla-oorlog funksioneer die beste as dit 'n hulpmiddel vir 'n konvensionele leër is, maar in sekere omstandighede kan dit ook 'n outonome verskynsel wees. Dit kan strategies 'n offensiewe oorlogsvorm wees, maar operasioneel is dit defensief. Omdat 'n oorlog egter moeilik deur defensiewe maatreëls gewen kan word, moet uiteindelik met 'n strategiese offensief - wat konvensioneel van aard is - geëindig word. As die teeninsurgensie-owerheid se politieke wil om te wen egter opdroog, is dié konvensionele fase nie altyd nodig nie. Die oorlog verloop dus basies in drie - of twee - fases: waar die guerrillas op die strategiese verdediging is, 'n oorgangsfase, en ten slotte die finale strategiese konvensionele offensief.

## DIE ANGLO-BOEREOORLOG: DIE OORLOGSDOEL

In Britse kringe is soms na die Anglo-Boereoorlog verwys as "the last of the gentlemen's wars". Dit wás nie. Die oorlog, veral die tweede fase, is gekenmerk deur groot bitterheid, enorme verwoesting en grootskaalse vervolging van die burgerlike bevolking, blank sowel as swart. Dit was die eerste oorlog in die moderne geskiedenis waar die aanvallende moondheid van die verdedigende state geëis het dat hulle heeltemal moet ophou bestaan. (Dit wil natuurlik sê, 'n oorlog tussen wat destyds beskou is as "beskaafde" moondhede; die volledige onderwerping van "onbeskaafde" - met ander woorde, gekleurde - state soos dié van die Ashanti in Ghana, die Zoeloes in Kwazulu of selfs die ryk van die Moeghals in Indië was "normaal".) Die eerste keer hierna dat so iets gebeur het, was in die Tweede Wêreldoorlog met Nazi-Duitsland.

'n "Gentlemen's war" was dit beslis nie. Dit was veel eerder 'n onheilspellende stap onderweg na die **Totaler Krieg** wat Josef Goebbels, Adolf Hitler se propagandaminister, in Januarie 1943 in die Berlynse **Sportpalast** afgekondig het, of die "absolute oorlog" wat Clausewitz in sý tyd nog as iets abstraks en onhaalbaars gesien het. Dit was 'n afwyking van die patroon van oorlogvoering tot in dié stadium, van beperkte politieke doelstellings (verowering van gebied, uitskakeling van 'n mededinger, monopolisering van handelsroetes, of in 'n uitsonderlike geval - Napoleon - die eliminering van 'n parvenu-keiser) en beperkte optrede teen burgerlikes, nie-vegtendes.

Om te verstaan waarom dit so is, is die teoretiese model wat ons hierbo op grond van die denkbeelde van Clausewitz en Mao Zedong opgestel het, 'n nuttige konsepsuele instrument. Laat 'n mens daarom met die heel basiese uitgangspunt begin, die oorlogsdoel, waaruit alle ander faktore voortspruit.

Vir die Britte was die saak betreklik eenvoudig. Regdeur die negentiende eeu het hulle Indië - "the jewel in the British crown" - as van deurslaggewende ekonomiese en geopolitieke belang vir die toekoms en oorlewing van die Britse Ryk gesien.[46] Niemand minder nie as lord Curzon, die Britse onderkoning in Indië, het dit heel eksplisiet gestel: "Indië was die deurslaggewende faktor in elke Engelse onderneming van betekenis oos en suid van die Middellandse See. Nadat ons eenmaal in Indië vaste voet verkry het, het ons ons Oosterse politiek ... deur oorwegings van die veiligheid van ons besittings in Indië laat lei. Net ter wille van Indië het lord Beaconsfield die aandele van die Suezkanaal-maatskappy gekoop en net ter wille van Indië is ons nou in Egipte. Die historiese teenstellings en botsings met Rusland gedurende byna 'n eeu het ontspring uit die aanvaarde noodsaak om hom ver van die grense van Indië te hou. Net ter wille van Indië het ons die Kaap die Goeie Hoop beset en het ons daardie loopbaan van Suid-Afrikaanse uitbreiding begin wat kort gelede [die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog] so 'n gewigtige fase binnegegaan het."[47]

Dit is 'n feit dat Transvaal ná die ontdekking van goud na die sin van die Britte 'n veels te onafhanklike buitelandse beleid begin voer het. Die Britte het dus bekommerd geraak dat Europese moondhede soos Rusland, Frankryk en veral Duitsland soveel invloed kon verkry dat dit sy posisie in die Kaapkolonie kon bedreig - en die besit van laasgenoemde was strategies onontbeerlik vir die behoud van Indië. Onthou dat Duitsland deur sy kolonisasie van Duits-Suidwes-Afrika reeds in die streek betrokke was, en die berugte telegram van keiser Wilhelm II aan pres. Paul Kruger na aanleiding van die mislukte Jameson-inval het die Britte se nekhare nóg meer orent laat staan.

Op 'n meer onmiddellike, praktiese vlak het Joseph Chamberlain, Britse Minister van Kolonies, en Alfred Milner, Britse Hoëkommissaris in Suid-Afrika, begin September in onderlinge korrespondensie ooreengekom wat hulle presies wou bereik. In 'n brief van 4 September het Milner die volgende drie punte genoem:

- "Absolute equality of status for all resident whites.
- Recognition of British paramountcy, including not only control of foreign relations but ultimate right of interference even in internal affairs, when welfare of S. Africa is affected.

[46] Kyk Leopold Scholtz, **Waarom die Boere die oorlog verloor het** (Pretoria, Protea, 1999), pp. 11-6.

[47] Aangehaal in GD Scholtz, **Die Afrikaner en die see**, pp. 97-8 uit E Waldschmidt e.a., **Geschichte Asiens** (München, 1950), p. 271.

- Disarmament measures, including dismantling of forts at Johannesburg and Pretoria, restriction on number of men and guns – these not to be increased without British permission."[48]

In sy brief het Chamberlain eksplisiet gesê dis nie die stemreg vir die Uitlanders wat op die spel is nie, maar "that our supremacy in S. Africa and our existence as a great Power in the world are involved in the result of the present controversy".[49] 'n Konsep-ultimatum is opgestel om praktiese beslag hieraan te gee. Brittanje het onder meer die status van mees begunstigde nasie geëis, nie slegs op handelsgebied nie, maar in alle sake betreffende Britse onderdane in die Transvaal. Ook moes die Transvaal sy verdrag met Portugal oor die invoer van wapens deur Mosambiek beëindig en maatreëls tref om sy "buitensporige bewapening" te beperk.[50]

In die verbygaan kan hier ook melding gemaak word van die feit dat Milner die republieke en die Afrikaners deur 'n reeks maatreëls heeltemal wou verengels en die Afrikanerkultuur nekom wou draai. Dit was geen oorlogsdoel as sodanig nie; dit was bloot 'n middel tot die doel - om die Afrikaners daardeur in goeie, lojale Britse onderdane te omskep sodat die Britse opperheerskappy in dié wêrelddeel nie bedreig sou word nie.[51] Nietemin is dit 'n aanduiding van die totale karakter van die Britse oorlogsdoel.

Twee sake blyk uit dit alles. Die eerste is dat die Britte geen onafhanklike Transvaal wou gedoog nie, ofskoon hulle die Boere in dié stadium 'n beperkte soort binnelandse outonomie sou toegelaat het. "I agree we do not want in any case to make ourselves responsible for the Government of the Transvaal," het Chamberlain geskryf. "It must be a Republic or a self-governing Colony - under the British flag in either case."[52] Dit sou ná die uitbreek van die stryd verander. In elk geval kon die Britse ultimatum nooit op die Boere bestel word nie; die Republieke het Brittanje met hul eie ultimatum voorgespring.

Die tweede is dat die Britte nogal onder die indruk was van die feit dat die oë van die wêreld op hulle gerig was, en dat hul prestige as groot moondheid op die spel was. Hulle het besef dat die groot Britse ekonomiese voorsprong van vroeër in die negentiende eeu, veral ná die Duitse eenwording in 1870, aan die afneem was.

---

48 Iain R Smith, **The origins of the South African War 1899-1902** (Londen, Longman, 1996), pp. 365-6.
49 **Ibid.**, p. 365.
50 **Ibid.**, p. 375.
51 Vgl. PH Zietsman, **Die taal is gans die volk. Woelings en dryfvere in die stryd om die Afrikaner se taal** (Pretoria 1922), pp. 27, 33-4 en 7-71.
52 Smith, p. 376.

Dit was dus nodig dat Brittanje sy prestige op die wêreldpolitieke podium herbevestig - en Transvaal was 'n geskikte plek om dit te doen.[53]

Die Republieke se oorlogsdoel was presies die teenoorgestelde. Hulle wou - in elk geval aanvanklik - slegs hul eie onafhanklikheid behou en basta. In 'n proklamasie nadat die Boerekommando's die Kaaplandse grens ná die uitbreek van die oorlog oorgesteek het, het pres. MT Steyn beklemtoon dat dit gebeur het "met geen ander doel dan ter verdediging van mijn land en volk en tot het instandhouden onzer onafhankelijkheid".[54] Steyn het sterk morele besware teen 'n aanvallende oorlog gehad en hy wou nie voor die oë van die wêreld as imperialis en veroweraar gebrandmerk wees nie.[55] Dit is beklemtoon in die vredesaanbod van presidente Steyn en Paul Kruger aan die Britse regering op 5 Maart 1900, waarin hulle hul doel beskryf as die strewe om "de onbetwistbare onafhankelijkheid onzer beide republieken als souvereine internationale staten te verzekeren en te handhaven ..."[56]

In wese was die Britse en die Republikeinse oorlogsdoel dus nie met mekaar te versoen nie. 'n Kompromis was eenvoudig nie moontlik nie. Die Britte wou Transvaal se onafhanklikheid - en dié van die Vrystaat ook, as hy in die pad sou kom - wegneem en niks meer as 'n sekere binnelandse outonomie toelaat nie. Vir die Boere was hul onafhanklikheid daarenteen heilig. Dit was 'n doel waarvoor hulle bereid was om 'n hoë prys te betaal. Volgens Clausewitz se model, ingevolge waarvan 'n oorlog nader aan sy teoretiese absolute karakter beweeg namate die passie wat die oorlog voorafgaan sterker en die oorlogsdoel radikaler word, het dit beteken dat die Anglo-Boereoorlog beslis geen beperkte aard sou hê nie.

Dit moet daarom ook geen verrassing wees dat die bloedvergieting en geweld 'n verdere radikalisering in albei kante se oorlogsdoel meegebring het nie. Reeds taamlik gou ná die uitbreek van die oorlog het die Britte afgesien van hul idee om beperkte binnelandse outonomie aan Transvaal toe te laat. Die antwoord van lord Salisbury, die Britse premier, aan die twee presidente insake bogenoemde vredesaanbod het geen misverstand gelaat nie: "In view of the use to which the two Republics have put the position which was given to them [hul onafhanklikheid] and the calamities which their unprovoked attack has inflicted on Her Majesty's dominions" kan die Britse regering bloot antwoord "that they are not prepared to

---

53 Vgl. hieroor GD Scholtz, "Die Tweede Vryheidsoorlog in wêreldverband I" in **Historia**, Jaargang 20, nr. 1, Mei 1975, p. 31.

54 Vgl. JH Breytenbach, **Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika**, I, bylae F (Pretoria, Staatsdrukkery, 1983), p. 479, waar die proklamasie in sy geheel afgedruk is.

55 Transvaalse Argiefbewaarplek (TA), **Genl. JBM Hertzogversameling 95**, onvoltooide herinneringe van genl. Hertzog, p. 19.

56 WJ Leyds, **Tweede Verzameling Correspondentie, 1900** (Dordrecht, Geuze, 1930), II, pp. 176-7 (Kruger en Steyn–Salisbury, 5.3.1900).

assent to the independence either of the South African Republic or of the Orange Free State".[57] Op die keper beskou, het die Republikeine volgens die Britte hul onafhanklikheid misbruik en dit daarom nie langer verdien nie.

Dit sou regdeur die oorlog die posisie bly. In Februarie 1901 het lord Kitchener, toe Britse opperbevelvoerder in Suid-Afrika, voelers na genl. Louis Botha, sy Transvaalse eweknie, uitgesteek, op grond waarvan die twee mekaar op 28 Februarie 1901 op Middelburg ontmoet het. Maar hoewel Kitchener bereid was om toegewings oor ondergeskikte sake te doen, het hy dit in antwoord op 'n vraag van Botha kategories gestel dat die Republieke hul onafhanklikheid nie kon behou nie.[58] Dieselfde houding het hy in April en Mei 1902 ingeneem met die hernieude onderhandelinge wat die einde van die oorlog voorafgegaan het, 'n houding waarby die Republieke hulle uiteindelik moes neerlê.

Maar ook die Republikeinse oorlogsdoel het radikaler geword. Ondanks hul beperkte oogmerke en Steyn se morele besware teen 'n veroweringsoorlog het hulle Kaapse Afrikaners - Britse onderdane - in die Kaaplandse gebiede wat hulle beset het nietemin verplig om hulle by die kommando's aan te sluit en die onwilliges beboet.[59] Om dié mense teen Britse weerwraak te beskerm het Steyn laat in November 1899 'n voorstel gedoen waarvan hy waarskynlik self nie die implikasies heeltemal deurdink het nie. Hy het aan die hand gedoen dat die besette gebiede hulself eensydig onafhanklik verklaar en 'n republiek stig. Op aandrang van Kruger is dit egter vir eers nie gedoen nie.[60]

Dit was ewenwel die voorspel tot 'n taamlik drastiese uitbreiding van die Republikeinse oorlogsdoel. Ná die einde van die konvensionele fase van die stryd en die begin van die guerrillafase het die idee dat Kaapland homself eensydig onafhanklik moet verklaar al hoe meer veld begin wen. Op 27 September 1900 is 'n belangrike krygsraad op die plaas Syferfontein in die distrik Ventersdorp gehou waarby onder andere pres. Steyn, genls. Louis Botha, Koos de la Rey en Jan Smuts aanwesig was. 'n Uitnodiging is ook na genl. Christiaan de Wet gestuur, maar hy was te ver van die toneel en kon nie daar wees nie. Op dié vergadering is onder meer besluit dat Kaapland en Natal weer binnegeval moet word.[61]

---

57 **Britse Blouboek** Cd. 35, nr. 2, Salisbury–Kruger en Steyn, 11 Maart 1900.

58 **GS Prellerversameling** 16, pp. 44-61, notule van die vergadering, 28 Februarie 1901; **Britse Blouboek** Cd. 528, nr. 4, Britse verslag oor die vergadering, 28 April 1900.

59 Scholtz, **Waarom die Boere die oorlog verloor het**, pp. 74-7.

60 Leydsargief 711(c), nr. 30, Steyn–Kruger, 27 November.1899; **ibid.**, nr. 39, Kruger–Steyn, 27 November 1899; **Engelbrechtversameling** 19, p. 231, Steyn–Kruger, 29 November 1899.

61 Scholtz, **Waarom die Boere die oorlog verloor het**, pp. 126-8.

Op die militêre betekenis hiervan, en hoe dit in veral Mao Zedong se model van guerrilla-oorlogvoering begryp moet word, gaan ons in 'n volgende afdeling in. Presies wat die politieke doel van die beoogde inval was, is uit die karige bronne nie onomstootlik duidelik nie, maar twee bronne verskaf 'n leidraad. Die eerste is 'n brief van De Wet aan kmdt. (later asst.-hoofkmdt.) Chris Badenhorst: "Zeker is dat de weg des Heeren voor ons onbekend is, doch uit alles blyk my dat de dag van een vereenigd Zuid-Afrika niet ver af is."[62] Die tweede is 'n eksplisiete brief van Smuts: "Mijn plan is en blijft [om] een constitutioneele revolutie in de Kaap Kolonie te bewerkstelligen, zoodat Koloniale Afrikanders die de wapens opnemen den status van wettige combattante instede van rebellen kunnen erlangen [verkry]."[63] Minstens Smuts, en waarskynlik De Wet ook, het dus 'n Kaaplandse onafhanklikheidsverklaring in gedagte gehad. Of dit so te Syferfontein besluit is, is nie duidelik nie. Wat wel duidelik is, is dat die gedagte invloedryke eksponente gehad het.

Dit is bekend dat die Syferfonteinse planne grotendeels misluk het. De Wet, wat geweier het om met die Transvalers saam te werk, het Kaapland twee keer op sy eie probeer binneval, en albei kere moes hy omdraai in wat ongetwyfeld taktiese meesterstukke was, maar operasioneel en strategies volslae mislukkings. Dit het ook die Transvaalse pogings in duie laat stort. Slegs enkele kleiner kommando's kon Kaapland binnedring.[64]

Hoe ook al, op 19 en 20 Junie 1901 het die Transvaalse en Vrystaatse regerings mekaar opnuut ontmoet, dié keer by Branddrift op die plaas Waterval in die distrik Standerton. Wéér is besluit om Kaapland en Natal binne te val, ofskoon op kleiner skaal as wat te Syferfontein in die vooruitsig gestel is. Ook van die besluite te Waterval is daar geen regstreekse kontemporêre dokumentêre neerslag nie, maar die getuienis uit latere bronne laat geen misverstand toe nie. Op die vredeskonferensie van Vereeniging sowat elf maande later het Smuts gesê die idee was dat De la Rey die Republikeinse opperbevel in die Kolonie sou aanvaar "zoodra de Kaapkolonie sterk genoeg was om als een derde partij beschouwd te worden". Kort daarna is besluit om hom (Smuts) eers vooruit te stuur om die situasie in oënskou te neem en aan te beveel of De la Rey hom moes volg of nie.[65] En aan die Vrystaatse offisiere in die Kaapkolonie het Steyn per brief laat weet: "Zij [die Republikeinse

---

62 **Prellerversameling** 49, p. 387, oorlogsberig, inhoudende Badenhorst–Smuts, 14 Februarie 1901.

63 WK Hancock en J van der Poel (reds.), **Selections from the Smuts Papers**, I (Cambridge, Cambridge University Press, 1966), p. 370 (Smuts–De Wet, 10 Februarie1901).

64 Scholtz, **Waarom die Boere die oorlog verloor het**, pp. 142-52.

65 JD Kestell en DE van Velden, **De Vredesonderhandelingen tusschen de regeeringen der twee Zuid-Afrikaansche republieken en de vertegenwoordigers der Britsche regeering ...** (Amsterdam, JH de Bussy, 1902), p. 60. Vgl. verder **JH de la Reyversameling** 11, p. 35, De la Rey–Kemp, 10 Julie 1901; Britse amptelike **History of the War in South Africa**, IV, p. 577, bylae 3 (De Wet–Smuts, 8 Februarie 1902).

regerings] hebben derhalve in overweging gehad, om, volgens den weg door het Internationale Recht aangewezen, de Koloniale broeders, wanneer zij sterk genoeg in getal zijn, als een derde partij in den strijd te erkennen, en zoodoende als oorlogvoerenden te laten erkennen met al de rechten daaraan verbonden." De la Rey sou "wanneer hij den tijd daartoe rijp acht, ons aanbevelingen te doen om tot dien stap over te gaan".[66]

Die motief vir dié nogal drastiese uitbreiding van die oorlogsplan was dus nie soseer militêr van aard nie, eerder humanitêr - in elk geval by Steyn. Wat ook al die geval was, minstens vanaf 20 Julie 1901 was die Republieke se oorlogsdoel nie meer slegs **defensief** nie, nie meer bloot om hul eie onafhanklikheid te behou nie, maar **offensief**, om 'n derde onafhanklike Boererepubliek in Kaapland te kry.

Ook dié plan het misluk. Smuts het Kaapland op 4 September met 'n uitgesoekte kommando van 340 man binnegeval en Noordwes-Kaapland ná 'n epiese tog teen die tweede helfte van November bereik. Maar om redes wat in die volgende afdeling aan die orde sal kom, moes hy sy regering in Desember 1901 meedeel dat die tyd vir die Kaaplandse onafhanklikheidsverklaring nog nie ryp was nie.[67] En te Vereeniging het hy die afgevaardigdes meegedeel dat daar vir so iets geen hoop meer was nie.[68]

As dié ontwikkelinge in die Clausewitziaanse model ingepas word, word 'n paar dinge duidelik. As die wedersydse oorlogsdoele by die aanvang van die konflik onversoenbaar was, het dit tydens die verloop van die stryd nog meer so geword.

Aan Britse kant moes die aanvanklike doel om Transvaal se onafhanklikheid met beperkte binnelandse outonomie te vervang plek maak vir 'n nóg radikaler doel, te wete die totale vernietiging van die onafhanklikheid. Dit is dan ook ná die oorlog gedoen: die twee Boererepublieke is in kroonkolonies omskep waar die inwoners - blank en swart - geen staatkundige nie en slegs gebrekkige burgerlike vryheid geniet het. Daarteenoor is die Republikeinse doel ook geradikaliseer: waar hulle die oorlog begin het slegs om hul onafhanklikheid te bewaar, wou hulle ook later hul Afrikaner-volksgenote in Kaapland bevry.

---

66 CCJ Badenhorst, **Uit den Boeren-Oorlog** (Amsterdam, 1903), pp. 139-40 (Steyn-Kritzinger e.a., s.d.).

67 Hancock en Van de Poel, I, pp. 438, 440 en 441 ("Rapport over toestand in Kaap Kolonie", 16 Desember 1901).

68 Kestell en Van Velden, pp. 61-2.

Met ander woorde, twee wille het teen mekaar te staan gekom, albei toenemend onversetlik, kompromisloos, radikaal, totaal. Volgens Clausewitz lei só 'n situasie noodwendig tot 'n oorlog waarvan die aard ook grimmig en genadeloos is. Vergelykenderwys: in die Tweede Wêreldoorlog was Adolf Hitler se doel om die Duitse hegemonie oor die hele Europa te vestig en die Slawiese **Untermenschen** te verslaaf. Die Geallieerdes wou Hitler, sy regime en sy ideologie vir ewig en altyd van die aardbodem wegveeg. En dus het die konflik aan albei kante tot die vreeslikste oorlogsmisdade gelei: teregstelling van krygsgevangenes, marteling van versetstryders, 'n massamoord op die Jode en Sigeuners, en massamoord op burgerlikes deur middel van lugaanvalle op stede. Dít is dus die grondliggende rede waarom die Anglo-Boereoorlog ook so 'n totale karakter gekry het: konsentrasiekampe en grootskaalse sterftes onder vroue en kinders, moord en verkragting van burgerlikes, totale verwoesting van die twee Republieke, teregstelling en soms marteling van gewapende gekleurdes in Britse krygsdiens. Clausewitz se model verskaf die paradigma waarmee dit verklaar moet word.

## DIE ANGLO-BOEREOORLOG: DIE GUERRILLAKONFLIK

Dit is 'n interessante feit dat die meeste guerrilla-oorloë in die twintigste eeu strategies suksesvol vir die guerrillas afgeloop het. Van die Arabiese opstand teen die Turkse Ryk in die Eerste Wêreldoorlog (wat deur Lawrence van Arabië gelei is) tot Mao Zedong se oorlog teen die Japannese en die Chinese Nasionaliste en die oorloë in Zimbabwe en Namibië - hulle is almal op strategiese vlak (die enigste vlak wat uiteindelik regtig saak maak) deur die guerrillas gewen. Tog het die Boere in húl guerrilla-oorlog in 1900-'02 verloor. Hoe dan so?

Daar is niks outomaties aan 'n guerrilla-oorwinning nie. Die opstand van die Griekse Kommuniste net ná die Tweede Wêreldoorlog het ook misluk, net soos dié van die Kommuniste in die destydse Maleia (waar, die opstand, toegegee, tot die etnies-Chinese minderheid beperk was) of dié van die Mau-Mau teen teen die Britse koloniale owerheid in die jare vyftig. Om te slaag, moet die guerrillas - net soos die teeninsurgente - aan sekere voorwaardes voldoen. Mao se teorie verskaf die raamwerk waarbinne dit verstaan moet word.

Hierbo is vier temas uit die denke van Mao en in 'n mindere mate ook van Clausewitz geïdentifiseer op grond waarvan die guerrilla-oorlog in Suid-Afrika in die jare 1900-'02 ten beste verstaan kan word: die driefasemodel, die noodsaak vir bevryde basisgebiede, die feit dat die guerrillas hul opponente moet probeer ooreis deur die oorlog geografies so wyd moontlik te rek, en die deurslaggewende rol van die plaaslike bevolking - die vis in die water. Laat ons nou die guerrillafase in die Anglo-Boereoorlog na aanleiding hiervan ontleed.

(a) **Die drie fases**: Volgens Mao se model begin die konflik op beskeie skaal met 'n guerrilla-oorlog, ontwikkel tot 'n strategiese skaakmat-situasie, wat ten slotte op 'n volskaalse konvensionele offensief uitloop. Indien die teen-guerrilla se politieke wil om te wen opdroog, is die derde fase nie nodig nie.

Die Anglo-Boereoorlog het egter in presies die teenoorgestelde rigting ontwikkel. Dit het begin as 'n konvensionele konflik met groot stellinggevegte wat weens die Britse oormag, Republikeinse operasionele foute en veral lord Roberts se intelligente benadering[69] op die besetting van die twee Boererepublieke uitgeloop het. Pas daarna het die Boere die wapen van die swakke gekies en tot guerrilla-oorlogvoering oorgegaan.

Twee keer tydens dié fase - die Syferfonteinse en Watervalse krygsplanne - het die Boere die inisiatief vergeefs probeer herwin deur invalle in Kaapland en Natal uit te voer. Die Watervalse inisiatief het verder gepaard gegaan met 'n offensief in die Republieke self, en van Oos- en Wes-Transvaal tot die Vrystaat het die vernaamste Boere-aanvoerders hul kommando's probeer konsentreer om die inisiatief te herwin.

Dit het alles misluk. Die invalle in Kaapland en Natal het strategies nie die gewenste uitwerking gehad nie. In die Vrystaat het genl. De Wet teen September 1901 'n kommando van 700 man gekonsentreer en enkele aanvalle op geïsoleerde Britse afdelings gedoen. Slegs één daarvan - dié op Groenkop op Oukersaand, 1901 - was 'n taktiese sukses; die ander was onbeslis. Kort daarna het die Britte die wêreld vir De Wet só moeilik gemaak dat hy sy kommando moes ontbind en in alle windrigtings versprei. Die herhaalde dryfjagte wat die Britte hierna teen hom uitgevoer het, het hom só in die noute gedryf dat hy sy belangrikste operasionele gebied, die Noordoos-Vrystaat, in Maart 1902 moes verlaat en na die rustiger Noordwes-Vrystaat uitwyk.[70] In Wes-Transvaal het De la Rey enkele taktiese suksesse behaal, maar sonder strategiese gevolge. In Oos-Transvaal moes Botha in Februarie 1902 eweneens sy belangrikste operasionele gebied verlaat en na die distrikte Utrecht en Vryheid uitwyk.[71]

---

69 Kyk Scholtz, **Waarom die Boere die oorlog verloor het**, hoofstuk 5.

70 Kyk Leopold Scholtz, **Generaal Christiaan de Wet as veldheer**, (ongepubliseerde D.Phil. et Litt.-proefskrif, Rijksuniversiteit van Leiden, 1978), pp. 393-496.

71 **Prellerversameling** 10, pp. 24-5, Botha–C Brits en PR Viljoen, 12 Februarie 1902; Kestell en Van Velden, p. 21.

Feit is dat die Britse teenmaatreëls die Republieke toenemend in 'n wurggreep vasgevang het waaruit hulle nie kon ontsnap nie. Kitchener, wat einde 1900 die bevel van Roberts oorgeneem het, het 'n aantal maatreëls in werking gestel waarteen die Boere nie werklik 'n antwoord had nie. Allereers het hy sy troepe se mobiliteit verhoog deur die voetsoldate met berede infanterie te vervang, en hul inligting en verkenning drasties te verbeter deur gebruikmaking van swartes, Boere-oorlopers en Kolonialers. Terselfdertyd het hy die Boere se mobiliteit aan bande gelê deur 'n hele reeks blokhuislinies - aanvanklik langs die spoorlyne, maar later ook kruis en dwars deur die veld - te laat bou. Soos hy dit self gestel het: "There is no doubt these flying columns, on extended operations in this vast country, only in great measure beat the air, as the Boers clear off the moment they hear of the columns being sometimes 20 miles away." Sy beleid was dus bedoel "to divide the country up into paddocks by lines of blockhouses and so restrict the area in which [the] Boers could operate."[72] Dit het gepaard gegaan met massiewe dryfjagte waardeur die Boere hot en haar gejaag is en die proses van uitputting aanmerklik versnel het. Bowendien is die Republieke in puin en as omskep deur 'n doelbewuste beleid om plaashuise en dorpies af te brand, voedselvoorrade en landerye te vernietig en selfs vee dood te maak - alles om die kommando's se oorlewing soveel moontlik te bemoeilik.

In dié omstandighede kon die Boere eenvoudig nie eens naby Mao se derde fase kom nie. 'n Paar maande lank, einde 1900 en begin 1901, het dit gelyk of hulle dálk in die rigting van die tweede fase kon beweeg. Maar verder as dit het hulle nie gekom nie.

Ons het hierbo aangedui dat die derde fase nie streng noodsaaklik is nie in gevalle waar die guerrillas se teenstanders hul politieke vasberadenheid om te wen verloor, hetsy deur interne of eksterne politieke druk. Maar ook aan dié vereiste kon die Boere se oorlogspoging nie voldoen nie. Die felle negatiewe internasionale reaksie op die Britse aggressie, veral in Europa, het die Britte weliswaar met 'n skok laat besef hoe geïsoleerd hulle internasionaal was, en dit was een van die faktore wat hulle in 1904 van hul tradisionele beleid van "splendid isolation" laat afsien het om 'n strategiese bondgenootskap met Frankryk - die **Entente Cordiale** - aan te gaan. Maar dit het die Boere prakties niks gehelp nie. Die Britte, in dié tyd die sterkste maritieme moondheid ter wêreld, het die see beheers. Al sou die Duitsers, Franse en Russe ook hoe graag tussenbeide wou tree, die Britse oppermag ter see het dit eenvoudig totaal ondenkbaar gemaak.

---

72 TA, FK 1622, pp. 277-8, Kitchener--Brodrick, 5 Julie 1901 (TA).

Daar is weliswaar vae aanduidings dat die Britte reg teen die einde van die oorlog effens begin weifel het. Teen einde 1901 het die oorlog reeds die vir dié dae reusagtige bedrag van 200 miljoen pond gekos, en driekwart van die Britse kabinet was glo in 1902 saam met Kitchener bereid tot groot toegewings om die oorlog te beëindig. Twee invloedryke liberale Britse politici, lord Morley en David Lloyd George - albei teenstanders van die Britse oorlogspoging - het ná die vredesluiting onafhanklik van mekaar verklaar dat hulle 'n verswakking van die Britse wil om te wen bemerk het.[73] Historici verskil oor die saak. Davey kom tot die gevolgtrekking dat ofskoon die Liberale Party en ander pro-Boere in 1899 swak en gedemoraliseer was, hulle wel 'n rol gespeel het om die Britse publiek se geesdrif vir die stryd in die tydperk tot 1902 te laat afneem.[74] Daarteenoor meen Stephen Koss dat die pro-Boere se invloed maar eers met die algemene verkiesing van 1906 geblyk het, toe die Liberale die regerende Konserwatiewe Party verslaan het.[75]

As die Britse politieke wil om te wen inderdaad verminder het, was dit egter ook irrelevant. Die oorlog is beëindig voordat die beweerde tendens enige praktiese uitwerking kon hê, en bowendien het die Britte hul twyfel nie aan die groot klok gehang nie, met die gevolg dat die Boere nie daardeur bemoedig kon word nie.

(b) **Bevryde basisgebiede**: Dis nie nodig om veel hieroor te sê nie. In Mao se model is hulle nodig sodat die guerrillas plekke kan hê om uit te rus, te hergroepeer en te herbevoorraad. Dit is plekke waar die vyand ingelok en gevoelig getref kan word. Op dié plekke word ook 'n alternatiewe staatsadministrasie in die lewe geroep om politieke legitimiteit aan die stryd te gee.

In die Anglo-Boereoorlog was daar ná die Britse besetting skaars sprake van so iets. Tot Augustus 1900 was die Oos-Vrystaat, met name die Brandwaterkom, onbeset. Fouriesburg was trouens die laaste dorp wat formeel as hoofstad van die Vrystaatse Republiek gedien het. Toe is dit aan die Britte oorgegee. Tot Maart 1901 het Noord-Transvaal weliswaar as 'n onbesette basisgebied gedien, maar dit is toe ook beset. In die laaste maande van die oorlog was Noordwes-Kaapland waarskynlik die enigste voorbeeld van 'n bevryde basisgebied in die Maoïstiese sin van die woord. Dit het egter gepaard gegaan met 'n strategiese terugtog uit die res van Kaapland. Ná die be-

---

73 Vgl. Scholtz, **Waarom die Boere die oorlog verloor het**, p. 208.

74 Arthur Davey, **The British pro-Boers 1977-1902** (Kaapstad, Tafelberg, 1978), hoofstuk XI.

75 Stephen Koss (red.), **The pro-Boers. The anatomy of an antiwar movement** (Chicago, University of Chicago Press, 1973), pp. xiii-xxxviii.

setting van die Noordweste deur Smuts se magte het slegs twee kommando's oos van die spoorlyn tussen Kaapstad en Kimberley oorgebly, dié van genl. Wynand Malan en kmdt. Willem Fouché, wat beteken het dat die stryd oos van die spoorlyn prakties deur die Boere gestaak is.[76] In die Britse protektorate - Basoetoland, Swaziland en Betsjoeanaland - kon die Boere om klaarblyklike redes ook geen basisgebiede vestig nie, net so min as wat hulle dit oorkant die grens in Mosambiek kon doen.

Oók aan dié vereiste het die Boere dus nie voldoen nie.

(c) Die derde tema is die **verhouding tussen ruimte en krag**, die noodsaak om die operasionele teater so wyd moontlik te rek om die anti-guerrilla te dwing om sy krag te ooreis.

Dit is 'n probleem waarvan die Britte wel deeglik bewus was. In sy laaste verslag voor sy terugkeer na Brittanje het lord Roberts geskryf: "Large as the force appears to be in South Africa, it has proved all too small for the duties it has been required to perform, and I have not found it practicable to occupy in sufficient strength the many places it would have been advantageous to have held. Every garrison thus isolated not only reduces the power and mobility of the several columns in the field, but necessitates the withdrawal of these columns from other important duties to periodically escort convoys of supplies for its use."[77] Genl.-maj. Charles Knox, een van die beste en aktiefste Britse aanvoerders, het ná die oorlog kategories gesê dat "we had at no time a sufficient number of men to make our occupation effective".[78]

Maar waar Roberts in die klassieke val getrap het om die hele land fisiek te probeer beset, het Kitchener die saak anders en effektiewer aangepak. Om meer soldate vir sy mobiele kolonnes te verkry, het hy self 'n strategiese terugtog uitgevoer deur die besetting van 'n aantal dorpe wat hy as minder belangrik beskou het, veral in die Vrystaat, te staak. Die garnisoene van onder meer Dewetsdorp, Rouxville, Philippolis, Fauresmith, Luckhoff, Jacobsdal, Vrede, Frankfort en Hoopstad is dus teruggetrek. Hy het sy saak só gemotiveer: "The difficulties of the present situation out here are that we have to protect very long lines of railway and road and supply garrisons to the many

76 Kyk RK Constantine, "The Guerrilla War in the Cape Colony during the South African War of 1899-1902: A case study of the republican and rebel commando movement" (Ongepubliseerde MA-verhandeling, Universiteit van Kaapstad, 1996), pp. 179-82.

77 **The true history of the war in South Africa**, IV, p. 100 (verslag van lord Roberts, 15 November 1900).

78 SB Spies, **Methods of barbarism? Roberts and Kitchener and civilians in the Boer Republics January 1900–May 1902** (Kaapstad, 1977), p. 81.

towns and villages that have been occupied all over the country whilst the mobile columns we have in the field are principally taken up in escorting supplies to the various garrisons. We have therefore no striking force of any importance and it is most difficult to find troops in any case of emergency..."[79]

Terselfdertyd het die Boere die operasionele teater probeer vergroot deur Kaapland binne te val. De Wet het self twee mislukte pogings (November-Desember 1900 en Februarie 1901) uitgevoer, terwyl JBM Hertzog in November 1900 tot Februarie 1901 ook 'n skouspelagtige, maar strategies betekenislose inval tot by Lambertsbaai aan die Weskus gedoen het. Daarna is verskeie kleiner kommando's gestuur tot Smuts se inval begin September 1901 gevolg het.

Dit is nie hier die plek om te bepaal presies wat verkeerd geloop het nie.[80] Dit is voldoende om te vermeld dat die Boere se planne almal misluk het en dat hulle nie daarin kon slaag om 'n opstand van enige omvang onder die Kaapse Afrikaners te bewerkstellig nie, en nog minder om die operasionele gebied sodanig te rek dat dit die Britte sou ooreis.

Wat die situasie vererger het, is die feit dat heelparty swart stamme, veral in Transvaal, onbewoonde grond wat tevore deur blankes beset is, teruggeneem het, soms met geweld. Dit het die Boere se operasionele gebied verklein, hul bewegingsvryheid aan bande gelê en die Britse probleem van ruimte en krag verlig.[81]

Ook aan dié vereiste kon die Republikeinse strydkragte nie voldoen nie.

(d) **Die rol van die plaaslike bevolking** in die Anglo-Boereoorlog was in die geheel problematies. Tussen die Boereguerrillas in die veld en die dikwels vlugtende blanke burgerlike bevolking was die betrekkinge meestal uiters goed. Soos lord Milner geskryf het: "Every Farm had become a supply depot for the enemy, enabling him to concentrate at will and refit his commandoes with food and munitions of war ... the women had actively assisted the combatants by furnishing them with exact information regarding all British move-

79 TA, FK 1621, p. 62, Kitchener–Brodrick, 1 Februarie 1901.
80 Dit het ek probeer doen in my **Waarom die Boere die oorlog verloor het**, hoofstukke 6 en 7.
81 Peter Warwick, **Black people and the South African War 1899-1902** (Cambridge, 1983), pp. 26-7. Vgl. ook André Wessels, **Die militêre rol van swart mense, bruin mense en Indiërs tydens die Anglo-Boereoorlog (1899-1902)** (Bloemfontein, Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, 1998), passim.

ments. The military situation demanded that the enemy be deprived of such a system of intelligence."[82] Dit was 'n akkurate siening van sake, een wat deur Kitchener gedeel is.

Soortgelyke probleme is in feitlik elke moderne guerrilla-oorlog ondervind. In Maleia het sir Gerald Temperley 'n strategie gevolg "to win the hearts and minds" van die plaaslike bevolking. Dit is aangevul met 'n beleid van "strategic hamlets", versterkte dorpies waar die burgerlike bevolking gekonsentreer is om enige moontlike band en kontak met die guerrillas te verhoed. In Maleia het dit geslaag (onder meer deurdat die opstand min of meer tot die etniese Chinese minderheid beperk was); in Viëtnam, die Portugese kolonies in Afrika en die ou Rhodesië, waar 'n soortgelyke beleid gevolg is, het dit die burgerlike bevolking eerder van die regering vervreem en in die arms van die guerrillas gejaag.[83]

Die prototipe hiervan was egter Kitchener se konsentrasiekampe. Die doel het daarop neergekom om Mao se water weg te vat en die vis op die droë grond te laat verstik. Dit is waarom die twee Republieke op groot skaal van die blanke en in 'n sekere mate ook die swart burgerlike bevolking gestroop is en hoekom die mense, veral aanvanklik, in uiters erbarmlike omstandighede in konsentrasiekampe saamgehok is. Dat 26 000 wit vroue en kinders en 'n geskatte 20 000 swart mense in die kampe aan Kitchener se strategie opgeoffer is, is 'n feit wat moreel veroordeel kan word, maar aan die historiese ontleding van dié referaat verander dit niks. Die objektiewe feit is dat die kommando's sonder die hulp van die plaaslike bevolking - en soms met die teenwerking van die swart plaaslike bevolking - dit toenemend moeilik gevind het om te oorleef.

## GEVOLGTREKKING

Die taak van die historikus is nie bloot om volgens Leopold von Ranke se voorskrif **wie es eigentlich gewesen war** te beskryf en te rekonstrueer nie. Dit is maar die eerste fase; hierop behoort 'n tweede fase te volg, te wete die ontleding en verklaring van die gerekonstrueerde werklikheid. Dikwels is 'n konsepsuele raamwerk hiervoor nuttig; soms selfs 'n vereiste.

Verskeie dergelike konsepsuele raamwerke kan vrugbaar gebruik word om aspekte van die Anglo-Boereoorlog te verklaar. Op grond van die Marxistiese paradigma kan die oorlog byvoorbeeld as 'n tipiese konflik tussen twee koloniale

---

82 JE Wrench, **Alfred Lord Milner - the man of no illusions, 1854-1924** (Londen, Eyre & Spottiswoode, 1958), p. 231.

83 Vgl. Fairbairn, pp. 323-7.

oorheersende klasse - die Boere en die Britte - beskou word wat elkeen die markte en die rykdomme van die land vir hulleself wou monopoliseer. Vir die swartes, die uitgebuite klas, was die oorlog volgens dié siening betreklik irrelevant, behalwe vir sover die stryd hul lewe nog swaarder gemaak het as wat dit reeds was. Andersyds kan die oorlog juis as die eerste anti-koloniale oorlog van die twintigste eeu gesien word.

Elkeen van dié sienings bekyk die oorlog vanuit 'n ander hoek. Elkeen bevat iets van die waarheid. Die benadering van dié referaat is ewenwel anders: dit is om die redes vir die **aard** en wese van die oorlog te deurgrond. In die geskiedskrywing van die afgelope eeu is dikwels met groot morele verontwaardiging klem gelê op die Britte se oorlogsmisdade, hul wrede optrede, ensovoorts. Dié referaat neem kennis daarvan, maar sy benadering is ten diepste amoreel. **Waarom** het die oorlog so 'n absolute karakter aangeneem? **Waarom** kon die Boere, ondanks hul dapperheid en uitstekende aanvoerders, uiteindelik geen hond haaraf maak nie?

Die antwoord hierop word duideliker as die oorlog deur die prisma van Clausewitz en Mao se geskrifte bekyk word. Dan word dit duidelik dat die wedersydse absolute oorlogsdoele ook die absolute aard van die oorlog bepaal het. Dan word dit duidelik dat die Republieke nie aan die voorwaardes vir sukses in die guerrillastryd voldoen het nie: hulle kon nie die operasionele gebied voldoende vergroot om die Britte te ooreis nie; hulle kon nooit verder as die eerste, verdedigende fase van guerrilla-oorlogvoering vorder nie; hulle kon nooit bevryde basisgebiede vestig nie; hul steun onder die plaaslike bevolking is geneutraliseer deurdat dié mense massaal verwyder en in konsentrasiekampe opgesluit is. Hiér is die paradigma waarbinne die **verloop** van die oorlog tot 'n groot mate verklaar kan word.

**NASKRIF**

Die twee byeenkomste wat Boere-afgevaardigdes in April en Mei 1902 eers in Klerksdorp en toe by Vereeniging bygewoon het om oor vrede te beraadslaag, was waarskynlik van die emosioneel moeilikste ervarings van hul lewe. En dan neem 'n mens in ag dat hulle pas ruim twee en 'n half jaar op die slagveld agter die rug gehad het, vriende aan die dood moes afstaan en toesien hoe hul land in 'n puinhoop omskep word. Dit sou bloot menslik gewees het dat hulle al dié opofferings as die moeite werd kon beskou indien die byeenkomste seëvierend was, indien hulle op die punt gestaan het om die onafhanklikheid te behou, indien hulle die oorlog gewen het. Maar dit was nie so nie. Hulle het die oorlog verloor. En op kort termyn altans was al die lyding vergeefs.

Die Anglo-Boereoorlog het egter 'n mite geword en is enkele dekades later in een van die kragtigste mobilisasiefaktore vir die opstuwende Afrikanernasionalisme omskep. In Clausewitziaanse terme: waar die oorlog 'n voortsetting was van die vooroorlogse diplomatieke spel tussen die Republieke en Brittanje met ander middele, was die vrede 'n voortsetting van die kruitdampe en ontploffende kartetse op die slagvelde, eweneens met ander middele. Die politiek is voortgesit; die grammatika het verander, maar nie die intrinsieke logika van die stryd nie.

In 1948 is die nederlaag van die Anglo-Boereoorlog deur die verslaandes van 1902 omgekeer toe die Afrikaners die meesterskap van Suid-Afrika oorgeneem het. In 1961 is dit beseël toe die Republiek van Suid-Afrika uit die Statebond getree en die band met Brittanje deurgesny het. Maar in die geskiedenis is niks ooit permanent nie; die wiel draai altyd sonder genade verder. In dié triomf is die saad gesaai vir 'n nuwe vryheidsoorlog, dié van die swart meerderheid teen die blanke minderheidsbewind. En ná 'n ander soort guerrilla-oorlog wat amper dertig jaar lank geduur het, een wat dalk later as die Suid-Afrikaanse Burgeroorlog bekend kan staan, is die bewind in 1994 aan die swartes oorgedra. Politiek en oorlog was steeds met mekaar vervleg. En, net soos die oorlogsdoele destyds radikaal en absoluut was en dit die grimmige karakter van grootskaalse verwoesting, doodslag en oorlogsmisdade voortgebring het, was ook die latere oorlog se wedersydse doeleindes radikaal en absoluut en het dit eweneens die wedersyds wrede aard van dié stryd bepaal. Clausewitz het steeds iets vir ons te sê.

Mao is vir die SA Burgeroorlog van effens minder belang, ofskoon verreweg nie irrelevant nie. Die stryd is nie primêr op die platteland gevoer nie, maar in die stede. Die ANC kon nooit daarin slaag om 'n werklike klassieke guerrilla-oorlog aan die gang te kry nie; die voorwaardes daarvoor was nie aanwesig nie. Die omstandighede het wel 'n terreurveldtog moontlik gemaak, een wat met ewe veel wreedheid beantwoord is. Van drie fases was daar absoluut geen sprake nie; die ANC kon kwalik fase een haal. Nie dat dit uiteindelik belangrik was nie, want die wit regering het na aanleiding van 'n rasionele ontleding tot die gevolgtrekking gekom dat die stryd nie te wen was nie. Sy politieke wil om die stryd voort te sit het opgedroog.

Tog het die opstandelinge wel deeglik daarin geslaag om bevryde basisgebiede in swart woonbuurte te verkry, al het dit in baie gevalle met grootskaalse bloedvergieting en die gewelddadige verdrywing van politieke andersdenkendes gepaard gegaan. Hier het die staat se gesag ten slotte feitlik heeltemal in duie gestort. Die swart stedelike woonbuurte het vir die veiligheidsmagte in 'n sekere sin dieselfde moeilike toeganklikheid gebied as die woude of berge wat sowel Clausewitz as Mao as vereiste vir 'n guerrilla-oorlog gestel het.

Omdat die konflik hoofsaaklik in die stede en in 'n mindere mate in die dorpe gekonsentreer is, was die noodsaak om die stryd so wyd moontlik te rek ook anders as in 'n klassieke guerrilla-oorlog. Die ANC het die stryd uit sy eie oogpunt tereg na elke township in die land, ook dié op die platteland, probeer uitbrei. Afgesien van die getalle wat dit aan hom besorg het, het dit daartoe bygedra dat veral die polisie uiteindelik heeltemal ooreis geraak het. In plaas daarvan om die polisie se primêre taak - misdaadbestryding - uit te voer, moes die manne en vroue in blou toenemend by onlustebestryding betrokke raak. Selfs die weermag is in die proses ingesuig. Dit het beslis 'n rol gespeel in die destydse regering se finale besluit om die strydbyl te begrawe.

Ten slotte: Mao se beeld van die vis en die water het sterk vir die SA Burgeroorlog gegeld. Agterna is dit duidelik dat die swart bevolking oorweldigend ANC-gesind was en dat ANC-vegters op groot beskerming en welwillendheid onder die swart bevolking kon reken, wat die opsporing en bestryding van die ANC-terreurveldtog des te moeiliker gemaak het.

Wat die Boere in 1900-'02 om verskeie redes nie kon regkry nie, het vir die ANC wel gewerk. Dié artikel is nie die plek om die SA Burgeroorlog uitvoerig te ontleed nie. Uit dié kort uiteensetting is dit egter duidelik dat die paradigma wat deur Clausewitz en Mao Zedong verskaf word, en wat die finale uitkoms van die Anglo-Boereoorlog beslis help duidelik maak, ook die uitslag van die SA Burgeroorlog kan verhelder. Maar dit sal vir 'n ander geleentheid moet wag.